*Woensdag* **3 September**

**Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-19 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Habakuk 3:2, 18**

**Die almagtige God oordeel regverdig, maar betoon ook sy genade**

Dit is ’n treffende gebed wat spreek van Goddelike ontsag, en tog nie die woorde alleen nie, maar veral die gesindheid is wat ’n mens aanspreek.

Die volksellende dwing Habakuk op sy knieë. Van die begin is hy onbeskaamd besig om te vertel van die haglike omstandighede waarin sy volk verkeer. En tog gaan dit nie net om hier en nou nie, maar ook om hulle toekoms. Want Israel gaan vir 70 jaar in ballingskap gehou word. ’n Skokkende toekomsboodskap! Daarom worstel Habakuk met die verhouding tussen die GODSREGERING EN ELKE DAG SE KWAAD.

Luister ons egter na die profeet se gebed, dan hoor ons die basklanke van verootmoediging. Geen twyfelvrae of protes meer nie, die profeet en sy situasie het op die agtergrond verdwyn. Hier gaan dit om die koms en almag van die HERE! Die profeet se besorgdheid is nou koninkryksgerig, en daarom bring die worsteling vir Habakuk weer perspektief. So bereik dit ’n hoogtepunt waar sy ontsag vir God op besondere wyse beskryf word naamlik, die NOGTANS van die geloof.

En NOGTANS druk die diepste wil en voorneme van die mens uit. Dit is asof die profeet wil sê: Al is daar in hierdie land niks meer oor nie … alles vernietig en gebuit sodat daar nie ’n krieseltjie oorbly nie … DAN IS GOD NOG DAAR! Dít is geloofsvreugde in die Here!

*Sing: Psalm 33-1:10, 11*

*Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)*